**JP BOTHA JF-ATLETIEKBYEENKOMS**
**SATERDAG, 17 OKTOBER 2026**

25 Augustus 2026

Aan die Atletiekorganiseerder,

Jim Fouché Atletiek nooi u atletiekspan hartlik uit na ons jaarlikse interskolebyeenkoms op 17 Oktober 2026. Die byeenkoms vind plaas by die Vrystaat Atletiekstadion (Mangaung Atletiekstadion) en sal 'n oggend-middag byeenkoms wees wat om 07:00 begin en ongeveer om 15:30 eindig.

Ons gee graag die volgende algemene reëlings en inligting deur:

**1. ANTWOORD OP UITNODIGING**
Voltooi asseblief die volgende Google-vorm om aan te dui of u die byeenkoms gaan bywoon of nie: https://forms.gle/uEbMauo9zd31fdfVA.**Voltooi asseblief die vorm voor of op 30 September 2026.**

**2. PROGRAM**
Die program is aangeheg.

**3. BEAMPTELYS**
Ons sal dit baie waardeer as u vir ons beamptes beskikbaar kan stel. Dui dit aan op bogenoemde Google-vorm.

**4. DEELNAME**

**4.1 Ouderdomsgroepe:**
Atlete kan aan die volgende ouderdomme deelneem: o/14, o/15, o/16, o/17 & o/19. **Atlete neem deel in die 2027-ouderdomsgroep.** Laerskole wat die uitnodiging aanvaar se 13-jarige atlete neem dus deel aan die 14-jarige ouderdomsgroep, wat atlete insluit wat op 31 Desember 2027 14 jaar oud sal wees. 'n Atleet mag slegs in een ouderdomsgroep deelneem. Daar is geen beperking op die aantal atlete in 'n item nie. Maak asseblief seker dat atlete in die regte ouderdomsgroep deelneem. ID-nommers en geboortedatums moet asseblief ingevul word sodat ons vooraf kan kontroleer dat leerders in die regte ouderdomsgroep ingeskryf is. **Atlete moet hul ID-dokumente of geboortesertifikate saambring en by items en die medaljetafel wys om te verifieer dat hulle korrek ingeskryf is. Indien een atleet van 'n skool in die verkeerde ouderdomsgroep deelneem, sal ons genoodsaak wees om alle atlete van daardie spesifieke skool te onttrek. Maak dus asseblief seker dat atlete in die regte ouderdomsgroep ingeskryf is.**

**4.2 Aanmeld van atlete:**

4.2.1 Beide hekke sal beskikbaar wees vir die ingang van atlete.

4.2.2 Alle atlete moet 40 minute voor die geskeduleerde aanvangstyd van hul item by die by die call room aanmeld.

**4.3 Geen spanbestuurder of afrigter word tydens die byeenkoms op die baan of veld toegelaat nie.** Dit sluit ook atlete in wat op daardie stadium nie deelneem nie of wat reeds klaar deelgeneem het. Slegs deelnemende atlete en beamptes word op die baan toegelaat.

**5. TOEKENNINGS**

Pragtige medaljes word aan al die eerste, tweede, en derde plekke oorhandig. Atlete kan hul medaljes by die afdak waar die noodhulp is, afhaal. **Atlete moet asseblief hul ID-dokument of geboortesertifikaat toon wanneer hulle hul medaljes afhaal.**

**6. INSKRYWINGS**

**Inskrywingsgeld beloop R50 per atleet, betaalbaar by die hekke. Toegang vir toeskouers is R50, ook betaalbaar by die hekke.** Die inskrywingsvorm kan op jobaentries.co.za se webwerf verkry word. Voltooi asseblief u **inskrywings voor of op 11 Oktober 2026 om 18:00** soos aangedui op jobaentries.co.za. ID-nommers is verpligtend en moet volledig ingevul wees. Ons vra asseblief dat die skole prestasies invul; anders kan ons nie behoorlike baanlotings doen nie. Dit hoef nie noodwendig 'n onlangse prestasie te wees nie, maar kan van vroeër in die seisoen wees. LET OP dat daar geen leestekens soos punte en kommas by prestasies gebruik moet word nie, bv. 'n 10,23 moet bloot 1023 wees.

**7. ONTTREKKINGS EN REGSTELLINGS**

Alle onttrekkings en regstellings moet vooraf gedoen word. Regstellings moet SLEGS per e-pos aan jobaentries@gmail.com gestuur word (geen faks, telefoonoproepe, WhatsApp of SMS nie). Die **laaste datum vir onttrekkings en regstellings is Woensdag, 14 Oktober om 18:00.** Dit is baie teleurstellend as daar 'n wedloop is met leë bane as gevolg van atlete wat nie opdaag nie.

**8. REËLS:**

ASA en WA-reëls sal van toepassing wees.

**9. VELDITEMS:**

Twee pogings vir almal. Die beste agt kry weer drie pogings.



051 502 1760 | hoof@jf.co.za | www.jf.co.za | 1 Wildeals St, Gardenia Park, Bloemfontein, 9301

**10. BAANITEMS:**
Wedlope word volgens plasings en tye bepaal.

**11. WEGSPRINGBLOKKE:**
Wegspringblokke sal voorsien word.

**12. BEAMPTEVERGADERING:**
Alle beamptes moet 6:30 aanmeld by die beamptelokaal vir die amptelike vergadering voordat die program begin. Kaartjies vir verversings deur die loop van die dag sal ook dan ontvang word. **Slegs vir beamptes.**

**13. KONTAK:**
Spanbestuurders kan die Atletiekorganiseerder kontak vir enige verdere navrae. Geen amptelike vergadering sal gehou word nie. Spanlyste vir kontrole sal per e-pos aan u gestuur word.

**14. UITSLAE:**
Uitslae sal na afloop van die byeenkoms aan die organiseerders ge-epos word.

**15. OUDERDOMSGROEPE:**
Deelname is in 2027 ouderdomsgroepe:
S14 / D14: Gebore in 2013
S15 / D15: Gebore in 2012
S16 / D16: Gebore in 2011
S17 / D17: Gebore in 2010
S19 / D19: Gebore in 2009

**16. VERVERSINGS:**
Alle beamptes sal etekaartjies ontvang by die vergadering 6:30 Saterdagoggend. **Geen verversings vir spanbestuurders nie.** Leerders sal sorg dat die verversings by die beamptes uitkom. Die program gaan aan soos beplan.

**17. TOESKOUERS:**
Ouer en toeskouers sal NIE in die opwarmingsarea toegelaat word nie. SLEGS atlete en afrigters mag die opwarmingsarea betree.

**18. TOEGANGSGELDE:**
Die toegangsgeld vir 'n afrigter, ouer of toeskouer beloop R50 per persoon, betaalbaar by die hek, kontant of per kaart.

**19. GAZEBOS:**
Skole word toegelaat om gazebos op die graswal op te rig.

**Stella Nortier**
**Atletiekorganiseerder**
**Sel: 074 920 9982**

**H. Wilken**
**Skoolhoof**